

Barton - `n Kultivar met konstante opbrengs

Barton I (blou)

Barton lewer konstante produksie van goeie kwaliteit neute met 'n dun dop. Weens die dun dop is Barton 'n uitstekende kultivar vir die uitdop mark en lewer medium grootte neute en 'n hoë persentasie heel halwes. Die neute is ook groot genoeg vir die in-dop Chinese mark. Barton het 'n baie hoë koue verdraagsaamheid en doen veral goed in die koeler droë streke soos Cullinan en Cradock en behoort 'n goeie keuse te wees vir die koue streke soos Delmas. Die kultivar het 'n goeie verdraagsaamheid teen skurfsiekte en kan met enkele bespuitings ook in natter koue dele geplant word. Barton vorm sterk raamtakke maar is 'n yl groeier met kleiner blare en bot ooglopend later as baie ander kultivars.

Bestuiwing

Barton behoort goed bestuif te word deur Ukulinga, Elliott, Shoshoni en Navaho. Weens sy goeie weerstand teen skurfsiekte kan Barton dien as bestuiwer vir Choctaw in die hoër reënvalstreke.

Voordele

- Konstante opbrengs van goeie kwaliteit neute
- Dun dop met goeie dopeienskappe
- Hoë uitdoppersentasie (55-58%)
- Goeie weerstand teen skurfsiekte.

Nadele

- Medium grootte neute
- Medium opbrengs

Nuwe aanplantings

Barton is 'n uitstekende keuse as hoofkultivar in die koeler droë streke en kan ook gebruik word as bestuiwer vir Choctaw waar Wichita nie as bestuiwer geplant kan word nie. Pawnee, Barton en Western is die kultivars met die hoogste koue verdraagsaamheid in Suid-Afrika en kan saam geplant word in streke met lang koue winters.

Opgestel deur Heiko Meier.